Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

8 Maart 2020

OGGENDEREDIENS: Ds. Piet Venter

Die doop word vanmore bedien aan Gihané, die dogtertjie van Lenandi Coetzee. Ons is saam met haar en oupa Gideon Coetzee en die familie dankbaar vir hierdie daad van die Here aan sy verbondskind. Veral omdat Gihané met ‘n spysverteringdefek gebore is en alreeds as pasgebore baba baie ure in die hospitaal en onder operasie deurgebring het. Baie welkom aan familie en vriende wat vandag saam met hulle hier is.

Prediking:
Ons is steeds besig met ons reeks preke oor ons identiteit in Christus. Paulus gee die gelowiges nog ‘n naam wat baie mooi inhoud gee aan ons identiteit in Christus, naamlik: atlete! Hy gebruik hierdie naam/metafoor in

1 Kor. 10: 24 - 27, Filippense 3: 12 - 16, 2 Timoteus 2 en 4 en ons vind dit ook in Hebreërs 12.

Dis ‘n baie bekende begrip in die moderne wêreld waarmee ons kan identifiseer en baie leer oor ons identiteit in Christus. Ons mag met dankbaarheid onsself atlete in Christus se wedloop noem, maar dan moet ons ook die wedloop hardloop soos Christus ons gewys en geleer het.

Tema: Ons is atlete wat Christus se wedloop doelgerig, met inspanning en opoffering tot die wenpaal toe hardloop.
Lofsang ter voorbereiding van die erediens
Ps 148-1: 1, 5 (Ps 126-1 se tweede melodie); Ps 149-1: 1, 2, 3 (eerste melodie)

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied: Ps 86-1: 6; Votum; Seën; Loflied Lied 588: 1, 2: Geloofsbelydenis: Sing Sb 12-3: 1, 2 waarmee ons artikel 1 van die NGB bely;

Ons verootmoedig ons voor God
Wetlesing uit Galasiërs 5: 13 - 26; Sing Sb 8-1: 2; Gebed;

Sakramentbediening
Doopformulier; Sing na die doop: Sb 8-1: 1; Gebed;

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing en teks: Hebreërs 12: 1 - 3; Sing Sb 14-4: 1, 4; Woordverkondiging;

Ons antwoord op die Woordbediening
Gebed; Liefdegawe; Sing Sb 14-1: 1, 3; Seën; Amenlied: Sb 13-2.

AANDDIENS: Ds. Piet Venter

Ons het vanoggend die Sakrament van die Doop beleef en ons berei ons voor om volgende Sondag Nagmaal te vier. Ons doop roep ons - as volwasse gelowiges - tot groot verantwoordelikheid! Ons weet dat God met die doop bevestig dat Hy ons deur die bloed van Christus skoongewas het van ons sonde.

Die Here gebruik egter ook elke doopgeleentheid soos ‘n vergrootglas om te soek na daardie skoon, nuwe lewe wat Hy met ons Doop aan ons beloof het. Kom ek en jy kyk vanaand saam met God deur die vergrootglas van ons Doop en vra onsself: leef ek die skoon en nuwe lewe van my doop?

So berei ons dan voor om volgende Sondag weer opnuut die wonderbetekenis van Christus se liggaam en bloed ons eie te maak.

Tema: Leef jy die skoon en nuwe lewe van jou Doop?

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied: Ps 24-1: 1, 2; Votum; Seën; Loflied Ps 89-1: 1, 2; Gebed;

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: Romeine 6: 1 - 14;
Belydenis: Sondag 26 vraag 70; Woordverkondiging;

Ons antwoord op die Woordbediening
Gebed; Liefdegawe; Gebed vir Bediening na Buite; Sing Sb 2-4: 1, 3; Seën; Amenlied: Sb 13-3.

MEELEWING

- Tannie Miemie de Beer (Groep 26 - 084 896 9094) gaan van Medikliniek oorgeplaas word na Multisorg om daar aan te sterk.
- Harmen Wijnberg (Groep 3 - 062 437 2505) is ontslaan maar kan nog glad nie loop nie. Hy ondergaan fisioterapie en ons bid dat sy been spoedig sterk sal word.
- Dries Schutte (Groep 21 - 082 339 5547) ervaar baie pyn na sy veloorplantings en kan nog glad nie die been gebruik nie. Daar is goeie nuus dat die oorplanting op die wond suksesvol blyk te wees en ons vertrou dat dit nou sal beter gaan.

Ons bid dat die Here beterskap, herstel, bemoediging en troos sal gee.

ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Bert Floor, Isak vd Walt, Magdaleen Venter, Koos en Marlene Jooste, Lana Labuschagne, Annette Coetsee en Hannie Kruger.

ONDERSTEUNING VIR SIEKES

Vir ondersteuning of besoeke deur die hospitaalbesoeke-diensgroep, skakel hierdie week vir: siekes@oosdoppers.co.za of
Anna Smith (082 765 9813) en
Lou en Magdaleen Venter (082 566 5879).
Medikliniek = 09:00-13:00 en 15:00-20:00
Mooimed = 11:00-11:30 en 15:00-16:00
en 19:00-20:00
Potch Hospitaal = 15:00-16:00
en 19:00-20:00

ONS VERWELKOM

- Hennie en Kotie Heystek wat met attestaat by ons aansluit vanaf GK Wesrand. Hulle woon in Arendpark nr 1, Ottostraat, groep 22.
- Kowie du Plooy wat met attestaat by ons aansluit vanaf GK Wesrand. Sy woon in Arendpark nr 1, Ottostraat, groep 22.
-

PROGRAM VAN DIE WEEK

Vandag
08:00 Huweliksverrykingskursus
09:00 Gebedsgroep
09:30 Oggenddiens
Katkisasie, les 6
Kleuterbediening
Tee en koffie
18:00 Aanddiens
19:00 Ouderlinge-vergadering

Maandag
18:00 Oosdopperfees
17:30 Diakonie: Dagbestuur & DG-leiers
Diensgroep-begrotings inhandig

Dinsdag
06:00 Manne Ondersteuningsgroep
18:00 Katkisasie gr 8

Woensdag
10:00 Amandelbloeisels
17:15 Katkisasie gr 10
18:00 Katkisasie gr 9
18:30 Ouderlinge: Toerusting: Blok D
Finansdiensgroep: Begrotings

AFKONDIGINGS

- Liefdegawe vanoggend vir Barmhartigheid (Zapper betaal-metode beskikbaar)
- Gawes by die deure vanoggend vir die Teol. studentekas.
- Gawes volgende Sondag vir die Diakonie.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit in die bussies by die deure.
- Diensbeurte: Groep 12 en 13.

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

Sondag, 8 Maart
Jbr Michael de Klerk
Jbr Adriaan Pretorius
Br Anton Scheppel 083 308 9995

Maandag, 9 Maart
Jsr Coralie Geyer 056 811 5516

Woensdag, 11 Maart
Br Daniel Erasmus 067 252 3289
Br Johan Marais 079 029 3701
Sr Marna Naudé 083 237 2210

Donderdag, 12 Maart
Sr Beatrix Coetzee **(74)** 082 897 7158
Sr Rita Schutte **(77)** 082 654 2811
Jbr Etienne Steenkamp
Br Nardus v Zyl 082 492 9505

Vrydag, 13 Maart
Br Hennie Kilian **(82)** 083 285 3824
Jbr Thinus Vorster 084 505 5010

Saterdag, 14 Maart
Sr Marthie Schoeman 082 920 7082
Jsr Carli Styger
Sr Em Volschenk **(70)** 082 564 1940

AMANDELBLOEISELS

Ons nooi graag al ons senior lidmate na ‘n heerlike kuiergeleentheid, Woensdag, 11 Maart om 10:00 by die Skuur. Koot en Engela kom met ons gesels oor Kinder-evangelisasie, waarna ons lekker saam kuier!

OPNAME VAN MUSIEKTALENT IN DIE GEMEENTE

Ons heg graag weer vandag ‘n los blaaidjie in die Dienelkander. Penne is in die voorportaal van die kerk beskikbaar. Vul asb vir ons in en gooi in die houer in die voorportaal of in die kollektesakkies.

JEUGFEES

Wanneer **Sondag 15 Maart na kerk**

OOSDOPPER-KINDERS

KOM VERSIER SAAM "CUPCAKES"

Kinders **Versier en deel "cupcakes" uit. (Skuur)**

Hoërskool: Verrassing.....

Ouers **Kom praat saam oor hoe verstaan en lei ek my kind in die geloof in vandag se lewe. (Kerk)**

BAIE DANKIE

Baie dankie aan dr Pieter Joubert vir die professionele en persoonlike manier waarop hy die eerste Huweliksverrykingskursus aangebied het. Dankie ook aan lidmate wat dit bygewoon het en ons vertrou dat julle "huweliksmotor" nou goed gediens is.

BEROEPE NUUS

BEROEP ONTVANG EN AANVAAR

- Proponent P Mkupa (Phumlani) na GK Rehoboth/Mdantsane

BEROEPBAARSTELLING:

- Dr VE d'Assonville is deur die GK Marblehall beroepbaar gestel ingevolge KO, art 11.

KENNISGEWING DEUR

GK ROOIHUISKRAAL, PRETORIA

Ds WGM Kotze het eiewillig die amp neergelê en gemeenskap met die GKSA opgesê. Die Kerkraad van die GK Rooihuiskraal het met diepe leedwese van die besluit kennis geneem. Ons roep in groot dankbaarheid teenoor die Here die toegewyde en geseënde bedieningswerk van ds. WGM Kotze oor 'n tydperk van 32 jaar in ons gemeente in herinnering. Ons dra hom en sy gesin biddend op aan die sorg van die Here. Ons maak bekend dat br. WGM Kotze nie meer langer predikant in die GKSA is nie.

ALGEMENE INLIGTING

KONTAKBESONDERHEDE: PREDIKANT, HULPDIENS & KANTOOR

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt
082 851 3637
Kerkkantoor: Adele 018 290 7690 /
kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Kosterspaar: Johan 061 336 7255
Elsa 073 959 8051

BANKBESONDERHEDE:

Geref. Kerk Potchefstroom-Oos
ABSA Bank
Tjekrek: 670 340 066
Takkode: 632-005

Diakonie
ABSA Bank
Tjekrek: 670 280 160
Takkode: 632-005

Susters
Capitec Bank
Tjekrek: 145 652 5695
Takkode: 470-010

WOW-HERWINNINGSPROJEK (WEN ONS WêRELD)

Papier, plastiek, karton, glas, blikkies en polistireen - *hoef nie gesorteer te wees nie, herwinningsitems moet wel in plastieksakke toegebind wees EN PLASTIEKBOTTELS MOET ASB PLAT GETRAP WORD*. **ASB GEEN huisafval nie!** Die glas/blikkies/plastiek moet asb **uitgespoel** wees.

LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

ZAPPER (Selfoon toepassing)
Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en **slegs bydraes vir Barmhartigheid** kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie

SOSIALE MEDIA VIR ONS GEMEENTE

Webblad: www.oosdoppers.co.za
Facebook: www.facebook.com/oosdoppers
Videos van elke erediens kan hier gesien word: Facebookblad "Geref Kerk Potch-Oos.
Videos van Preke by http://ow.ly/ivfZ309vsdc.
Ds Piet stuur weekliks sy preke per e-pos uit. Laat weet hulle indien jy dit wil ontvang.

BYDRAES VIR DIE DIENELKANDER

Lidmate is baie welkom om bydraes/berigte of nuus vir die Dienelkander deur te gee na die Kerkkantoor. Doen dit asseblief voor Vrydae 09:00. ("Dien-elk-ander": Nederlands vir "dien mekaar"!) Die Dienelkander is elektronies beskikbaar en word Vrydae per e-pos uitgestuur. Kontak Adele by die kerkkantoor indien jy dit graag elektronies wil ontvang.

SUSTERS IN DIE GELOOF

Intimiteit met God

Laat my gebed soos reukwerk voor U aangesig staan,
die opheffing van my hande soos die aandoffer.
Psalm 141:2

Teeskinkgeleenthede

- *Baie dankie aan die groepsusters en hulle groepe se susters, broers en kinders wat met die skink en opwas help!*
- *Ons moedig susters en broers, selfs gesinne aan om met die skink en opwas te kom help – so leer ons mekaar en ons nuwe groepe beter ken!*

*Tee word **vandag** deur die volgende groeplede en hul groepsusters bedien: Lorette Bester en groep 4, Ria Robberts en groep 13, Anneke Steenkamp en groep 23, asook Carina Smits en groep 33.*

***Volgende week** skink Sonette Turkstra en groep 5, Erika Rood en groep 14, Chanelle van As en groep 24, asook groep 34 se susters, tee. Baie dankie julle!*

Blikkies-warmharte

Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan. ***Baie dankie vir julle getroue bydraes!***

Sustersbydrae

Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

NAGMAALETE

Liewe gemeente, Anna Smith en blok B nooi almal hartlik uit na ons Nagmaalete, Sondag 15 Maart.

Spyskaart: Pynappel-hoender, groenboontjies, soetwortels, rys en gestolde beetslaai. Nagereg: Appeltert met vla @ R35 p/persoon.

Skryf asb jou naam op die lys in die voorportaal van die Skuur. Besprekings sluit Woensdag, 11 Maart.

Onthou asb eie eetgerei en eie drinkgoed.

Eerste kwartaal

DATUM	DAG	TYD	WIE	WAT
8 Maart	**Sondag**	**18:30**	**Blok C**	**Ouderlingverversings**
15 Maart	Sondag	12:00	**Blok B**	Nagmaalete

BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK!

Turkstra BAKKERY
Adres: Sol Plaatjiestr. 7
Potchefstroom
Tel: 018 294 4271
E-pos: turkstrabakery@mweb.co.za
Ons bak met passie / We bake with passion

Oosdoppertjies

Sagaria 2:8 B " Wie aan julle vat, vat aan my oogappel."

NUUS UIT DIE BYBELKOERANT

'n MA OP 90!

GERAR. - Daar was gister ongekende vreugde in die laer van die skatryk donkiehandelaar, Abraham, seun van Tera, toe sy vrou Sara geboorte geskenk het aan 'n fris babaseuntjie.
Wat die geboorte so merkwaardig maak, is dat Sara al 'n vrou van 90 jaar oud is en Abraham al 100! Die vroedvrou wat Sara tydens die geboorte bygestaan het (vanweë professionele redes mag ons ongelukkig nie haar naam bekend maak nie), het gesê dat alles baie goed afgeloop het. "As jy Sara se ouderdom in ag neem en in gedagte hou dat dit boonop haar eerste baba is, het die geboorte eintik verstommend goed verloop."
Kenners is dit eens dat daar gister mediese geskiedenis gemaak is. Een dokter wat om kommentaar genader is, het net sy kop geskud en gesê hy het in sy ganse lewe nog nie van so iets gehoor nie. "Ek kan my nie voorstel dat dit ooit weer sal gebeur dat so 'n ou vrou 'n baba kan hê nie. Dis net eenvoudig ongehoord."
Intussen is die laer in rep en roer soos daar voorbereidings getref word vir die feesvierings oor 'n week, wanneer die nuwe aankomeling van die gesin besny gaan word. Volgens Abraham is dit die gebruik by hulle dat elke seuntjie op die agtste dag besny word, as teken dat hy aan die lewende God behoort.
Die kêreltjie oor wie al die opgewondenheid gaan, se naam is heel gepas Isak, wat "lag" beteken.

Lees meer hieroor in Gen. 21: 1-7.